

### HOOFSTUK III.

#### Die Polisiediens op die Lydenburgse Goudvelde.<sup>1)</sup>

##### Die weg na die delwerye.

Goud is vroeg in die sewentigerjare in die Waterberg-distrik ontdek, waar die omgewing spoedig die toneel van ongekende bedrywigheid geword het. Delwerskampe het verrys en fortuinsoekers het van heinde en ver~~r~~<sup>r</sup> na die gebied gehaas.

Hoewel die delwers as 'n groep nie ordeloos was nie,<sup>2)</sup> het hulle saamtrek op die oop veld, weg van die onmiddellike gesag van die staatsadministrasie, gou die aanwesigheid van 'n polisiemag genoodsaak, nie net op die delwerye self nie, maar ook op die dorpe in die omgewing van en op pad na die goudvelde. Veral in laasgenoemde dorpe is die behoefte aan versterking van die reeds bestaande polisie om die stroom delwers op weg na die sentrum van die delwerye, Lydenburg, in toom te hou, sterk aangevoel. Dit was veral voor 1875 die geval toe die grootste toeloop plaasgevind het. Nadat die meeste delwers die goudvelde bereik en die vloedgolf afgeneem het, het toestande op hierdie dorpe, sommige waarvan erg beproef is, weer 'n normale gang begin gaan.

Aan/....

---

1) Vir 'n volledige geskiedenis van die goudvelde in die Oos-Transvaal, sien Wynne, K.F.: The discovery, administration and development of the Goldfields in the Eastern Transvaal until about 1886 (M.A. verhandeling, ongepubliseerd, U.P. 1943) en Peacock, R.: Geskiedenis van die Lydenburgse Goudvelde tot 1881 (M.A. verhandeling ongepubliseerd, U.P., 1950).

2) Wynne: a.w., bl. 6.

Aan die begin egter, pas na die eerste ontdekkings van betaalbare goud, sou die reeds ooreiste polisie-diens op plekke soos Middelburg, Lydenburg, Utrecht en Wakkerstroom, wat op die direkte roetes na die Goudvelde geleë was,<sup>3)</sup> nog verder belas word. Die delwers, waarvan meeste Engelssprekend was,<sup>4)</sup> het grotendeels van mislukte delwerye in Australië en Amerika gekom<sup>5)</sup> en was, uit die aard van hulle beroep, avonturiers en geneigd om temperamenteel te wees, sodat sukses of mislukking, in 'n gebied waar drank volop was en die beskawende invloed van dames ontbreek het,<sup>6)</sup> soms ordelose uiting gevind het. Die landdroste van die distrikte waar goud ontdek is, het die delwers dan ook met die grootste agterdog bejeen sodat die opening van delwerye in hulle distrikte nie iets was waarna hulle uitgesien het nie.<sup>7)</sup> Reeds in 1869 skryf die landdros van Potchefstroom aan president Pretorius dat die ontdekking van goud en diamante in sy distrik baie ongewenste persone na die dorp sou bring.<sup>8)</sup> Uit Marabastad moes die Regering in 1872 van die Landdros verneem dat

„Zonder handboeyen en politie magt die delwers moeylik zal zyn.“<sup>9)</sup>

Naas Lydenburg self, moes veral Middelburg in die begin die las van die trek na die delwery verduur, sodat landdros Joubert sy aandag bykans geheel en al moes verdeel tussen die rig van vrugtelose briewe aan die Regering ter verkryging/....

---

3) Peacock: a.w., bl. 60.

4) Wynne : a.w., bl. 6.

5) Ibid. : bl. bl. 6.

6) Peacock, : a.w., bl. 66

7) R1387/73: Landdros van Lydenburg aan Staatspresident, dd. 13 Augustus 1873.

8) Landdros van Potchefstroom aan Staatspresident, dd. 11 Augustus 1869 (Briewekopieboek van die Landdros van Potchefstroom).

9) R1210/72: Landdros van Marabastad aan Staatspresident, dd. 6 September 1872.

verkryging van meer polisie en die, somtyds ewe vrugtelose, eie soeke na meer polisie.

Reeds op 9 Junie 1873 kla hy dat die verkeer na die goudvelde daagliks toeneem en dat veral vrouens snags in hulle wonings verontrus word, terwyl hy die versoek rig dat die polisie óf aangevul word óf 'n toevoeging tot die begroting gemaak word.<sup>10)</sup> Nadat daar na twee maande nog geen reaksie van die Regering gekom het nie, rig Joubert hom weer eens in 'n dringende brief<sup>11)</sup> tot die Owerheid om hulle aan sy vroeëre oproep te herinner. Hy versterk sy aansoek om meer polisie deur hierdie keer daarop te wys dat hy geen veldkornet of tronk tot sy beskikking het nie. Ten slotte vra hy verlof om 'n sipier te mag aanstel asook 'n tweede naturellekonstabel om die een wat hy reeds met vele moeite verkry het, behulpsaam te wees. Die Regering het egter nog nie die erns van die saak besef nie en Joubert word gemaan om geduldig te wees en te wag totdat President Brugers by die dorp aandoen op pad na die goudvelde, wat hy van voorneme was om vroeg in September te besoek, by welke geleentheid Joubert die saak met hom kon bespreek.<sup>12)</sup>

In afwagting op die besoek van die President en om Joubert se saak te steun, het die inwoners van Middelburg 'n memorie opgestel waarin die President se aandag daarop gevestig word dat Middelburg in

„de directe lyn naar de Goudvelden (geleë is, d.w.s. vanaf Pretoria, en) eene sterke Policie wordt vereischt.“<sup>13)</sup>

Die/....

- 
- 10) R881/73: Landdros van Middelburg aan Staatssekretaris, dd. 9 Junie 1872.  
11) R1255/73: Landdros van Middelburg aan Staatspresident, dd. 8 Augustus 1873.  
12) BB.1277/75: Staatssekretaris aan Landdros van Middelburg, dd. Pretoria, 12 Augustus 1873.  
13) R1580/73. Verslag van president Burgers oor besoek aan Goudvelde.

Die memorie is deur ses-en-twintig inwoners onderteken en op 20 Augustus aan Burgers, op sy deurtog na die goudvelde oorhandig.

Die President sou sy beslissing lewer met sy terugkeer van die delwerye af en intussen het Joubert by gebrek aan 'n tronk, 'n versoek aan landdros Jansen van Lydenburg gerig om vier pare boeie<sup>14)</sup> Sake moes inderdaad kritiek gewees het. Burgers het met die eerstehandse inligting wat hy opgedoen het, tot dieselfde gevolgtrekking geraak as Joubert en op pad terug na Pretoria, het hy, moontlik gesteun deur 'n adres wat in Lydenburg aan hom oorhandig is en waarin hy deur die delwers bedank is vir die daarstelling van doeltreffende polisie<sup>15)</sup> magtiging tot die uitbreiding van die Middelburgse polisiewese verleen.

Baie tevrede skryf Joubert dan aan die Staatsekretaris dat

„Door Z.H. Ed. den Staatspresident is toegestaan dat hier eene betere politie magt opgerigt worde, waarom ik dadelyk moeite heb gedaan om geschikte konstabels te krygen.“<sup>16)</sup>

Vol entoesiasme vervolg hy dat hy 'n geskikte hoofkonstabel kon bekom **wat ook** voorlopig as sipier sou dien, sowel as 'n aantal „zwarte constabels“. Verder wou hy weet watter reëlings hy moes tref in verband met salaris en klere vir die nuwe geregsdienaars. Joubert, wat die toegewing van die President ten volle wou benut en gewet het hoe moeilik dit soms gegaan het om goeie konstabels te bekom, het in sy ywer nie gewag op 'n antwoord op sy vorige brief nie, maar/....

---

14) Landdros van Middelburg aan Landdros van Lydenburg, dd. 2 Oktober 1873. (Lydenburg inkomende stukke).

15) Sien hieronder bl.75.

16) Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 3 Oktober 1873, (Briewekopieboek, Middelburg).

maar het hom twee dae later weer eens tot die Uitvoerende Raad gerig en hulle in kennis gestel dat hy vier erwe tot die beskikking van die naturelle konstabels gestel het waarop hulle hulle eie huise kon bou, en kosteloos daarin lewe solank hulle in diens bly.<sup>17)</sup> Dit was 'n diplomatieuse set wat die Regering geen onkoste sou meebring nie en die naturelle aan hulle diens sou bind.

Die Uitvoerende Raad het gewag totdat die President se verslag oor sy besoek aan die goudvelde afgehandel was voordat hulle op 21 Oktober, bykans drie weke na ontvangs van Joubert se laaste skrywe, magtiging verleen het tot die aanstelling van twee blanke konstabels en vier nie-blanke konstabels, lg. teen 'n salaris van £1.10.0. per maand.<sup>18)</sup> Klere sou voorlopig deur die Raad verskaf word maar nie voedsel nie, terwyl die saak van die erwe goedgekeur is.

Toestande in Middelburg het hierna nie die verwagte verbetering getoon nie en Joubert se set met die erwe het nie onmiddellik geslaag nie, sodat hy in November die Regering moes versoek om hom „vier fluksche constabels“ vanaf Pretoria te stuur.<sup>19)</sup> Hy maak ook van die geleentheid gebruik om te kla dat hy nog nie 'n veldkornet of afsonderlike sipier toegesê is nie terwyl die gehuurde tronk reeds vol was en toestande daaglik versleg. Dat die Uitvoerende Raad hierdie brief nie met meegevoel behandel het nie, is verstaanbaar. Dit was 'n ou mare wat die Regering reeds baie jare moes aanhoor en Joubert is prontweg in kennis gestel dat hy beslis nie vanuit Pretoria met konstabels

voorsien/....

---

17) R1773/73: Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 8 Oktober 1873.

18) Uitvoerende Raadsbesluit, 21 Oktober 1873, art. 180.

19) R1814/73: Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 17 November 1873.



voorsien kon word nie en daaraan herinner dat hy reeds geruime tyd tevore verlof ontvang het om vier naturellekonstabels aan te stel. Die werwing van sodanige naturelle was sy taak.<sup>20)</sup>

Die onsimpatieke maar geregverdigde houding van die Uitvorende Raad het Joubert nie van stryk gebring nie. Hy het vol ywer voort gegaan met sy soeke na geskikte polisie. Dit was egter buite die kwessie om permanente konstabels teen £1.10.0. per maand te verkry en die Landdros het hom gelukkig geag indien hy natureel kon huur om as spesiale konstabels gevangenes te bewaak.<sup>21)</sup> Ook vanuit Schoemansdal waar Joubert die werwingsdienste van Merensky verkry het, het geen hulp gekom nie.<sup>22)</sup>

Toe dit wou voorkom asof Joubert in sy aanvanklike mistroostigheid gaan verval, het onverwagte steun van die hoof van die polisiewese, staatsprokureur Buchanan, gekom. Buchanan het pas 'n besoek aan die area gebring en was diep onder die indruk van die noodsaaklikheid om die polisie diens op die roetes na die goudvelde te verbeter. Pas na sy terugkoms in Pretoria het hy 'n omsendbrief aan die landdroste van die dorpe wat deur die toestroming na die delwerse geraak is, naamlik Heidelberg, Pretoria, Potchefstroom, Middelburg en Lydenburg, gestuur. Hierin het hy hulle verseker dat hy bewus was van

„een aanmerklyken toevoer van menschen naar de Goudvelden.“<sup>23)</sup>

Derhalwe maan hy die landdroste om

„alle voorzichtigheid, behoedzaamheid en nauwkeurigheid“

aan/....

---

20) BB.1784/73: Brief van Staatsekretaris aan Landdros van Middelburg, dd. 24 November 1873.

21) R1856/73: Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 25 November 1873.

22) Ibid.

23) SP.342: Briewekopieboek van Staatsprokureur: Omsendbrief aan Landdroste, dd. 13 Januarie 1874.

aan die dag te lê. Verder het hy ook onderneem om die ver-  
soeke om meer polisie vir die dorpe by die Uitvoerende Raad  
aanhangig te maak.<sup>24)</sup> Volgens sy mening sou die sukses-  
volle handhawing van orde op die goudvelde baie afhang van  
die optrede van die „intermediaire” landdroste vanaf Chris-  
tiana tot by Lydenburg en van hulle onderling verstandhou-  
ding met die delwerpe self. Die Landdros van Middelburg  
kon dus verwag om sy begroting vir polisielose binnekort  
verhoog te sien. Buchanan, wat met meer invloed by die  
Uitvoerende Raad kon optree as Joubert, het dan ook skyn-  
baar sukses ondervind want op 4 Maart laat staatsekretaris  
Swart vir Joubert in 'n meer genaakbare toon as die vorige  
keer weet dat hy sy uiterste moes doen om konstabels in  
die hande te kry en indien hy nog geen sukses ondervind nie,  
na die goudvelde moes skryf om hulp.<sup>25)</sup> Sake het hierna 'n  
meer rooskleurige voorkoms begin toon en Joubert het, son-  
der hulp van die goudvelde, 'n voldoende polisiemag kon op-  
bou en ruim ses maande het verbygegaan voordat dit weer  
nodig was om te kla dat

„Reeds twee derden (waarskynlik vier uit ses) der  
Constabels hebben bedankt en dat het my dus na-  
tuurlyk zeer moeylyk zal vallen om behoorlyk  
order op dit dorp waar zoo menige vreemdelingen  
gestadig door trekken in het vervolg te houden  
ten zy ik geauthoriseerd worden om meerder sala-  
ris voor eene goede politie uit te betalen.”<sup>26)</sup>

Wanneer in ag geneem word dat die begroting van 1874-1875,  
£245 aan polisie vir Middelburg afgestaan<sup>27)</sup> in vergelyking  
met slegs £12.10.0. vir 1872-1873,<sup>28)</sup> en dit nog as onvol-  
doende bestempel word, kan begryp word hoe ongeëwenaard  
die/....

- 
- 24) L.3: Brief van Staatsprokureur aan Landdros van Lyden-  
burg, dd. Pretoria, 2 Maart 1874.  
25) BB.378/74: Staatsekretaris aan Landdros van Middelburg,  
dd. Pretoria, 4 Maart 1874.  
26) Middelburg no.321: Landdros van Middelburg aan Uitvoe-  
rende Raad, dd. 1 Oktober 1874.  
27) Ongedateerde byvoegsel tot die Staatscourant, 1873.  
28) Ibid., 2 Desember 1874.  
Bydrae tot die Staatscourant, 2 Desember 1874.

die toename in die aanvraag vir polisie was. Die Regering het egter van die standpunt uitgegaan dat die toelae nie vermeerder kon word nie, want in die begroting vir 1876-1877<sup>29)</sup> is die bedrag nog onveranderd.

Die stilsweye wat die Uitvoerende Raad gehandhaaf het oor sy versoek het Joubert genoodsaak om 'n persoonlike besoek aan die lokasie van Botsabelo te bring om die vakante poste te vul;<sup>30)</sup> 'n onderneming waarmee hy blykbaar sukses behaal het want aan die begin van 1875 was daar weer 'n volle kwota van ses konstabels in Middelburg in diens.<sup>31)</sup> Hierna het die korespondensie met die Regering oor polisie-aangeleenthede ook merkbaar afgeneem en ons kan aanneem dat sake op hierdie gebied nou onder beheer was.

Hoedat sake op Lydenburg tydens die „rush“ uitgesien het, is moeiliker uit amptelike korespondensie vas te stel. Daar het egter 'n nog groter toename in die begroting vir polisie vir Lydenburg as vir Middelburg gekom. Hier is die bedrag naamlik van £15 in 1873 na £400 in 1875 vermeerder.

Waar die delwers slegs deur Middelburg, op pad na die delwerye beweeg het en uiters 'n nag oorgebly het, het hulle meer gereelde besoeke aan Lydenburg, wat die enigste gevestigde dorp haby die delwerye was, gebring. Soos sy kolega op Middelburg, moes ook landdros Jansen van Lydenburg aan die begin baie ongerief deurmaak, soos hy in die volgende brief, wat die toestande op treffende wyse uiteensit, getuig:

„Politie/....

---

29) Ibid., ongedateerd, 1876.

30) R.1876/74: Landdros van Middelburg aan Uitvoerende Raad, dd. 1 Oktober 1874.

31) R.1784/75: Ibid., 30 Augustus 1875.



„Politie wordt hier onmisbaar — door de onlangs hier ontdekte goudvelden wordt het anders zoo stille dorp druk door vreemdelingen bezocht en wel niet alleen van de vreedzaamste, waardoor nu en dan vry wat drukte ontstaat. Daar de toevloed iederen dag zal vermeederen zoo is eene voorziening omtrent het aanstellen van Politie beamp- te een eerste vereischte waarom het wenschelyk ware dat het Gouvt. daarvoor f125 afzonderde. Door een goede Politie zoude ik instaat gesteld zyn alle misdadigers te straffen, terwyl by een totaal gebrek aan Politie beamp- te ik menigenmale overtredigers zonder in staat, die te kunnen straffen moet zien voorbygaan en wel zelve Con- stabel ben moeten wezen om oproermakers in de tronk te krygen, die natuurlyk spoedig weder uit- braken, door gebrek aan bewaking terwyl men nog bovendien is bloot gesteld aan bespotting wegens zwakheid van de zyde van 't Gouvt. — waarlyk geene benydens waardige positie voor een Land- drost!"<sup>32)</sup>

Hierdie brief, geskryf in 'n tyd toe die gerugte van goud nog pas gehoor is en die delwersbevolking nog maar om en by 'n honderd<sup>33)</sup> moes gewees het, gee maar 'n voorsmaak van wat vir Lydenburg voorgelê het, want binne drie jaar sou die bedrag wat Jansen as voldoende vir 'n behoorlike poli- siemag beskou het, meer as verdriedubel moes word. Ook wat die behoefte aan polisie hier betref, kon die Staatsproku- reur die Landdros se pleidooi steun as gevolg van wat hy self waargeneem het aangaande die „hoeveelheid en hodanig- heid" van die reisigers na die goudvelde.<sup>34)</sup> Na die verloop van 'n jaar sedert die droefgeestige skrywe van Jansen en die waarnemings van Buchanan, waartydens die polisie aange- groei het van die totale afwesigheid waarvan Jansen mel- ding gemaak het, tot 'n hoofkonstabel, twee blanke konsta- bels en twee naturelle konstabels<sup>35)</sup> was die aantal polisie nog heeltomal onvoldoende. Die vermeedering van die toe- lae/....

---

32) L.68: Landdros van Lydenburg aan Auditeur-Generaal, dd. 8 April 1873.

33) Geskat na latere getalle.

34) L.3: Staatsprokureur aan Landdros van Lydenburg, dd. 2 Maart 1874.

35) R.1296/74: Landdros van Lydenburg aan Staatsekretaris, dd. 7 September 1874.

lae vir polisie vir Lydenburg en elders en die gevolglike toename in die aantal polisie moet dus nie beskou word as die voldoening in 'n behoefte nie maar veeleer as die erkenning van die bestaan van 'n probleem; die aanvraag vir meer polisie was inderdaad nooit groter as in 1877 toe daar £400 vir die polisiewese beskikbaar was nie. Nieteenstaande die feit dat 'n polisiebeampte een gesogte persoon was nie, moes ook landdros Jansen en na hom landdros Cooper, die prestige van die administrasie bewaar deur ongewenste karakters te ontslaan

„daar zy in omstandigheden verkeerd welk hun onbekwaam maken aan hunne pligte te voldoen.“<sup>36)</sup>

Die Sekoekoeni-oorlog het die aanvraag na konstabels verder vergroot aangesien daar 'n menigte van krygsgevangenes was wat bewaak moes word.<sup>37)</sup>

#### Die Goudvelde - Kommissaris van Polisie.

Die eerste goudvelde in die Suid-Afrikaanse Republiek was die delwerpe oos en noordoos van die dorp Lydenburg waar betaalbare alluviale goud in 1870 ontdek is.<sup>38)</sup> Die eerste ontginning het plaasgevind naby Marabastad waar die Eersteling-myn opgerig is. Die riwwe was hier, volgens die ontdekker Edward Button „An enterprising Natal colonist“,<sup>39)</sup> nie baie betalend nie<sup>40)</sup> en die onderneming het nie veel gevorder nie. Button was oortuig dat ryker riwwe verder in 'n suidoostelike rigting geleë was maar het nogtans die aanstelling as Goud-Kommissaris op Eersteling  
aanvaar./.....

- 
- 36) L.72: Landdros van Lydenburg aan hoofkonstabel Barclay, dd. 22 April 1873.  
37) R2822/76: Landdros van Lydenburg aan Uitvoerende Raad, dd. 18 Oktober 1876.  
38) Baines, T.: The Gold Regions of South Eastern Africa, London, 1877, bl. 39.  
39) Theal, G.Mc.C.: History of South Africa since 1795, (London, 1903, vol.VI, bl. 250).  
40) R889/71. Button aan Staatsekretaris, dd. Lydenburg, 31 Julie 1871.

aanvaar.<sup>41)</sup> Daar was nog maar min delwers en Button het die Regering aangeraai om nie verdere aanstellings te maak voordat nuwe ontdekkings plaasgevind het nie. Teen 1873 egter het die delwers hier aansienlik toegeneem ten spyte van die ontdekking van meer betalende riuwe naby Lydenburg, sodat Button van die Uitvoerende Raad verlof moes vra om 'n vrywilligerskorps in die lewe te roep om polisiepligte op die myn, waar 'n dief reeds deur die delwers "gelynych" is, waar te neem.<sup>42)</sup>

Toe ook Marabastad die tekort aan polisie begin voel het, het die landdros die unieke weg gevolg om tenders vir polisie in die Staatskoerant te vra<sup>43)</sup> en hoewel die Uitvoerende Raad nie van die idee gehou het dat tenders vir staatsamptenare gevra word nie<sup>44)</sup> het die aanvraag tog die gewenste resultaat gelewer.<sup>45)</sup>

Die vernaamste goudvelde was egter die in die nabyheid van Lydenburg waar die fenominale groei van delwerskampe gou te veel geblyk te wees het vir die landdros-administrasie van die Lydenburg-distrik en dit nodig geword het om 'n heeltemal aparte stelsel met 'n eiesoortige administrasie, vir die delwerye in die lewe te roep;

Gelukkig was dit vir die Regering nie nodig om in hierdie verband iets heeltemal van die grond af op te bou nie want ondervinding van die administrasie van die diamant-delwerye op die Oosgrens, het veroorsaak dat reeds  
in/....

---

41) Ibid.

42) R.1880/73: Button aan Staatspresident, dd. Eersteling, 31 November 1873.

43) Staatscourant, 21 Desember 1872.

44) Uitvoerende Raadsbesluit art.172, 21 Januarie 1873.

45) R.152/73: Landdros van Marabastad van Staatspresident, dd. 21 Januarie 1873.

in 1871 afsonderlike regulasies vir die administrasie van delwerye opgestel is.<sup>46)</sup> Hiervolgens is die bestuur van delwerye in die hande van 'n goud-kommissaris geplaas waarvan die regsbevoegdheede gelykstaande aan die van 'n landdros was.<sup>47)</sup> Hierdie wet was ook die eerste om direk voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n polisiemag. Die feit dat hier vooraf voorsiening gemaak is vir 'n polisie diens en nie, soos vroeër, gewag is om vas te stel of omstandighede die daarstelling van 'n aparte polisie diens vereis nie, dui daarop dat die besef van die waarde van polisie teen hierdie tyd finaal by die Regering posgevat het en toon ook dat die Volksraad geweet het wat om van 'n kosmopolitiese delwersbevolking te verwag. Dié wet bepaal naamlik dat

„De Staatspresident zal gemagtigd zyn op de delveryen zoodanige maatregelen van politie te nemen of te doen nemen als strekken zullen ter beschermen der delveryen.“<sup>48)</sup>

Aangesien die Administrasie op die delwerye veral met persone te doen sou kry wat nie burgers van die staat was nie, is 'n verdere voorsorgmaatregel teen vetteloosheid getref deur te bepaal dat elke delwer 'n skriftelike belofte van gehoorsaamheid aan die landswette moes aflê.<sup>49)</sup> Verder kon die polisiepligte wat op die gewone staatsburgers van toepassing was, ook van die delwer geverg word. Hulle was naamlik verplig om,

„Wanneer daartoe opgeroepen, gratis dienste te wyden, tot hulp in het uitvoeren van lastbriewen en handhaving der publieke orde.“<sup>50)</sup>

Die/....

---

46) Wet no.1 1871 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1845-1885, bl. 423).

47) Ibid., art. 5.

48) Ibid., art. 13.

49) Ibid., art. 14a.

50) Ibid., art. 14c.



Die administrasie van die goudvelde is met verloop van tyd, telkens, na gelang hersiening nodig geword het, beter omskryf<sup>51)</sup> Die opset het egter onveranderd gebly.

Kort nadat die eerste goud in 1873 suidoos van Lydenburg ontdek is en voordat oorgegaan kon word tot die aanstelling van amptenare aldaar, het die las van die beheer oor die goudvelde op landdros Jansen van Lydenburg geval. Hy was 'n toegewyde amptenaar en het soms 'n goeie insig in sake aan die dag kon lê wat hom in staat gestel het om die Regering op hoogte van sake en verwagte toestande te hou. Maar hy het die temperament van die delwer nie verstaan nie en die vermeerderde verantwoordelikheid om beide oor sy distrik en die delwerye toesig te hou het vir hom te veel geword, sodat die latere aanstelling van 'n goud-kommissaris hom van 'n lastige taak verlos het. Deur sy korespondensie met die Uitvoerende Raad, bied Jansen ons 'n interessante oorsig oor die vroeë ontwikkeling van die delwerye. Op 13 Februarie 1873 skryf hy aan die Regering dat 'n groot toeloop van delwers vanuit Natal en elders verwag word sodat 'n sterk polisiemag noodsaaklik sou wees vir die suksesvolle handhawing van orde.<sup>52)</sup> Na gelang die stroom van delwers toegeneem het, het die Raad dan ook die nodige stappe gedoen om orde te handhaaf. Om mee te begin sou die Landdros van Lydenburg voorlopig as goud-kommissaris optree en is hy as sodanig gemagtig om twee „Sergeanten van Politie“, wat dieselfde as schouts of hoofkonstabels was, aan te stel teen die buitengewoon  
hoë/....

---

51) Dit is gedoen deur Wet 7/1874 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1845-1885, bl. 592.) en Wet 6/1875. (Ibid. bl. 626).

52) Wynne: a.w., bl. 18.



hoë salaris van 10/- per dag op voorwaarde dat elk vir sy eie wapens en perd sorg. Verder is voorsiening gemaak vir aanstelling van twaalf naturelle konstabels aan wie, behalwe vir 'n salaris van £3 per maand, twee stelle klere en gewere aangestuur sou word.<sup>53)</sup> Ten slotte moes 'n polisie-kommissaris aangestel word om die polisiepligte van Jansen se skouers af te neem. Hierdie toegewing van die Uitvoerende Raad was as 'n tydelike maatreel bedoel om Jansen se veelvuldige werksaamhede te verminder en die pos is enkele weke na die aanstelling van 'n permanente goud-kommissaris afgeskaf.<sup>54)</sup> Ook moes Jansen twee keer per maand 'n hofsitting op die goudvelde hou tot tyd en wyl 'n permanente goud-kommissaris aangestel sou word.

Hoewel moeilikheid uit die staanspoor met die verkryging van naturelle-konstabels ondervind is, is twee sersante onmiddellik aangestel; ene Muller op die dorp self, terwyl die ander een, sersant Millworth, die handhawing van die orde op die delwerige alleen moes waarneem,<sup>55)</sup> waarna Jansen aan die Uitvoerende Raad kon laat weet dat hy sulke stappe ter bewaring van rus en orde gedoen het as wat op die oomblik die noodsaaklikste was.<sup>56)</sup> 'n Polisie-kommissaris is nie aangestel nie omdat 'n geskikte persoon nog nie gevind kon word nie.

'n Maand later skryf Jansen van 'n nuwe verwikkeling wat die versteuring van die orde kon meebring. Hy  
vrees/....

---

53) Uitvoerende Raadsbesluit, 14 Mei 1873, art. 1.

54) Toestande op die goudvelde het nie soveel van die op die dorpe verskil dat 'n afwyking van die Regering se beleid dat polisie onder toesig van die landdros sou staan, deur 'n aparte hoof aan te stel, geregverdig sou wees nie.

55) L.117: Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 27 Mei 1873.

56) L.113: Landdros van Lydenburg aan Staatsekretaris, dd. 28 Mei 1873.

vrees naamlik dat daar hongersnood op die delwerse kon ontstaan wat tot gevolg kon hê dat die delwers die omgewing plunder en moord pleeg. Tentatief voeg hy by dat daar praatjies rondlê dat daar geen goud meer te vinde is nie, as gevolg waarvan die delwers dreig om die gras af te brand sodat die riwwe blootgelê kon word. Alles praatjies, sê Jansen, waaraan hy hom nie steur nie.<sup>57)</sup> Asof om sy nonchalante houding verder te toon, skryf hy op 12 Julie dat die delwers volle vertroue in sy bevoegdheid om orde te handhaaf het, maar dat hulle weens sy drukke werksaamhede, ene Walter McDonald as Goud-Kommissaris verkies het.<sup>58)</sup>

Hoewel die aanstelling van so 'n amptenaar die taak van die Regering was en buite sy mag geval het, het Jansen die aanstelling van McDonald wyslik goedgekeur, maar die delwers laat verstaan dat die Regering die benoeming moes bekragtig.<sup>59)</sup> Die Uitvoerende Raad wat die wysheid van Jansen se stap ingesien het, het sy optrede goedgekeur maar hom nogtans herinner dat die toesig oor die orde sy verantwoordelikheid was en dat alle fasiliteite daartoe aan hom toegesê is sodat hy, ten spyte van sy baie werk, met

„een weinig fermheid en moed en eenige menschenkennis”,

dit nie so moeilik sou vind om die groot aantal delwers te lei nie.<sup>60)</sup> Hierdie raad is deur Jansen aangeneem want op 25 Julie skryf hy aan die Regering dat hy met behulp van die twee sersante en 'n paar naturellekonstabels die orde

oor/....

- 
- 57) R.960/73: Landdros van Lydenburg aan Staatspresident, dd. 17 Junie 1873.  
58) L.113: Landdros van Lydenburg aan Uitvoerende Raad, dd. 12 Julie 1873.  
59) Ibid. Landdros van Lydenburg aan Uitvoerende Raad, dd. 20 Julie 1873.  
60) L.5: Staatsekretaris aan Landdros van Lydenburg, dd. Pretoria, 17 Julie 1873.

oor 'n paar honderd delwers met sukses gehandhaaf het sodat sy optrede as die van 'n leier en nie van 'n drywer, beskou moet word nie. Verder meld hy dat die delwerye vyf weke van rus beleef het.<sup>61)</sup>

Of die eer hiérvoor geheel en al aan Jansen moet gaan is te betwyfel want reeds 'n week voor die skrywe het die Uitvoerende Raad sy benoeming van Mark Dietrich as Polisie-Kommissaris goedgekeur<sup>62)</sup> en terselfdertyd die aanstelling van McDonald bekragtig.<sup>63)</sup>

Met die aanstelling van 'n Polisie-Kommissaris en Goud-Kommissaris eindig die beheer van die Landdros van Lydenburg oor die goudvelde. Dit het die delwers egter 'n rukkie geneem om aan die nuwe, meer doeltreffende administrasie gewoond te raak en voordat Dietrich die polisie-wese wat deur Jansen, nieteenstaande sy leierskapsbevoegdhede, in 'n treurige toestand gelaat is,<sup>64)</sup> kon organiseer, het die delwers soms die wet in eie hande geneem. So is ene Taylor, wat betrap is dat hy briewe uit die poskoets gesteel het, deur 'n delwershof verhoor waarvan die vyftien „regters" hom tot vyf-en-twintig houe gevonniss het en is hy die kamp uitgejaag, nadat helfte van sy baard en hare afgeskeer is. Hierdie voorval is deur die Volkstem-korrespondent as die aankoms van regter Lynch op die goudvelde bestempel.<sup>65)</sup>

McDonald, wat deur president Burgers as 'n ware Amerikaanse Republikein bestempel is,<sup>66)</sup> was 'n delwer van jarelange ondervinding wat veel beter gekwalifiseerd was

om/.....

---

61) Wynne: a.w., bl. 8.

62) Uitvoerende Raadsbesluit, 17 Julie 1873, art. 112.

63) Staatscourant, 17 September, 1873.

64) Soos blyk uit die latere korespondensie van Dietrich.

65) Wynne: a.w., bl. 8. Sien ook Baines: a.w., bl. 147.

66) Peacock: a.w., bl. 22.



om aan die hoof van sake te staan as Jansen. Hy het onmiddellik na sy verkiesing as goud-kommissaris deur die delwers, aan die President geskryf om hom van sy voorneme om wet en orde te handhaaf, mee te deel. Hy stel die aantal delwers reeds op die goudvelde op 220<sup>67)</sup>

"without a single officer, civil or military to preserve order."<sup>68)</sup>

Hierdie uitlating is gemaak voordat McDonald van die aanstelling van Dietrich geweet het, maar is 'n bewys dat sersant Millworth, wat sedert Mei in diens was<sup>69)</sup> nie baie aktief kon gewees het nie.

Dietrich wat gedink het dat sy aanstelling van 'n permanente aard was<sup>70)</sup> en dadelik die polisie wese op 'n hegte grondslag probeer vestig het, se eerste stap, nadat hy die Regering vir sy aanstelling as „Inspector of Police“ bedank het,<sup>71)</sup> was om Millworth af te dank<sup>72)</sup> aangesien

„de Goud Commissaris, als de geheele publiek hem volgens zyn gedrag - niet zullen erkennen“.

en daar die ander sersant op Lydenburg self werksaam was, moes Dietrich nou sonder enige hulp klaarkom.

Ook die naturelle konstabels wat vir die goudvelde aangestel is, is op die dorp gebruik ten spyte van die Uitvoerende Raadsbesluit dat hulle uitsluitlik vir die delwerwe/....

---

67) 'n Skatting wat ook deur die Volkstem vir die tyd gemaak is. (De Volksstem, 8 Augustus 1873).

68) R.1197/73: McDonald aan Staatspresident, dd. Lydenburg, 18 Julie 1873.

69) Sien bl. 70.

70) Aan die begin van September het hy die Uitvoerende Raad versoek om sy aanstelling permanent te maak, wat nie gedoen is nie (R.1457/73, Dietrich aan Staatspresident, dd. 3 September 1873).

71) R.1153/73: Dietrich aan Staatspresident, dd. Lydenburg, 21 Julie 1873. Hy het, volgens die brief, sy aanstelling aan sy swaer Fred. Jeppe, distriksveldkornet van Lydenburg, te danke gehad.

72) R.1251/73: Dietrich aan Staatspresident, dd. Lydenburg, 5 Augustus 1873. Jansen, wat hieroor 'n bietjie gekrenk gevoel het, het Millworth weer in die Lydenburgse polisie opgeneem (R.1580/73: Jansen aan Staatsekretaris, dd. Lydenburg, 3 Augustus 1873).

delwerye bedoel was,<sup>73)</sup> sodat die Kommissaris van Polisie a  
aan Jansen moes laat weet dat hy hulle

"spoedigst volgens ontfangen order van den  
Hoog Edele Uitvoerende Raad hierso (moes)  
senden. U kan zien dat ons deselfen groot  
noodig had."<sup>74)</sup>

As gevolg van die aantreklike salaris het dit op die goud-  
velde nie moeilik gegaan om sersante te werf nie en na die  
ontslag van Millworth het Dietrich spoedig twee ander aan-  
gestel met name Lilley en Deards.<sup>75)</sup> 'n Verdere stap in  
die organisasie van die polisie was die oprigting van  
'n aanklagtekantoor, moontlik die eerste afsonderlike een  
in die Suid-Afrikaanse Republiek. 'n Erf is vir die doel  
op die markplein aangekoop waar 'n tent opgeslaan is en die  
vierkleur aan 'n vlagpaal kon hang.<sup>76)</sup> Die delwers het  
stadigaan bewus geword van die verbetering van die admini-  
strasie.

Gedurende die eerste paar weke na hulle diens-  
aanvaarding kon beide McDonald en Dietrich nie veel op die  
gebied van praktiese administrasie uitvoer nie. Veeleer  
was dit 'n tydperk van organisasie, aanpassing en opbou met  
die ou storie van geen konstabels as grootste struikelblok  
vir Dietrich sodat ook hy, nadat hy tevergeefs op hulp uit  
Lydenburg gewag het, moes kla

"Ick kann niet een swarte constabel krygen, niet  
tegenstaande myn grootste moeite."<sup>77)</sup>

In 'n brief aan die Landdros van Lydenburg meld hy dat  
daar twee gevangenes weens dronkenskap verhoor moes word.  
Tot dusver, vermeld hy, kon die verhoor nie plaasvind nie  
aangesien/....

---

73) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 112 17 Julie 1873.

74) L.3: Dietrich aan Landdros van Lydenburg, dd. 28 Julie  
1873.

75) Ibid.

76) Ibid.

77) L.3: Dietrich aan Landdros van Lydenburg, dd. Politie  
Cantoor, Lydenburg, 13 Augustus 1873.



aangesien die gevangenes nog nie tot verhaal gekom het nie. Gelukkig egter maak die toestand waarin hulle verkeer, die aanstelling van 'n wag oor hulle onnodig.<sup>78)</sup> 'n Ware seën onder omstandighede!

Heelwaarskynlik omdat blanke polisie betreklik maklik verkrygbaar was en naturellekonstabels nie, het Dietrich ten einde raad teen die einde van Augustus, nadat hy reeds tweemaal verlof daartoe van die Landdros van Lydenburg gevra het<sup>79)</sup> en dit geweier was,<sup>80)</sup> uit sy eie 'n derde sersant aangestel.<sup>81)</sup> Daar was dus op hierdie stadium slegs drie sersante in die polisie sodat dit nodig was dat die Goud-Kommissaris delwers aansê om polisie diens te verrig.<sup>82)</sup>

Kort nadat hy sy aanstelling ontvang het, het Dietrich van die Regering polisie-instruksies gevra. Aangesien daar geen sodanige instruksies bestaan het nie, is hy deur die Uitvoerende Raad aangesê om self instruksies op te stel.<sup>83)</sup> Hierdie instruksies was betyds klaar om aan Burgers tydens sy besoek aan die goudvelde teen die einde van Augustus, voorgelê te word.

President Burgers het die ontdekking van goud aanvanklik met die grootste agterdog bejeen uit vrees vir

Engelse/....

---

78) Ibid.

79) (Landdros van Lydenburg, inkomende stukke, band 3, no. 372) Dietrich aan Landdros van Lydenburg, 28 Julie 1873 en Ibid. 19 Augustus 1873.

80) Jansen het hom daarop gewys dat dit buite sy mag lê. (Briewekopieboek, Lydenburg 68): Landdros van Lydenburg aan Dietrich, dd. Lydenburg, 19 Augustus 1873.

81) R.1531/73: Dietrich aan Staatspresident, dd. Mc Mc, 22 September 1873.

82) R.1198/73: McDonald aan Staatspresident, dd. Lydenburg, 29 Julie 1873.

83) BB.1231/73: Staatsekretaris aan Dietrich, dd. Pretoria, 1 Augustus 1873.

Engelse inmenging. Toe die ontginning daarvan egter 'n voldonge feit geword het, het hy sy steun aan die administrasie aldaar toegesê<sup>84)</sup> en die area besoek.

In Lydenburg, waar hy deur 'n wag van sersante onder bevel van die Polisie-Kommissaris verwelkom is, is aan hom 'n adres deur J. Scoble<sup>85)</sup> namens die delwers oorhandig waarin die Regering bedank is vir die daarstelling van 'n polisiemag om orde op die delwerwe te handhaaf.<sup>86)</sup> Dietrich en sy drie sersante moes reeds 'n goeie indruk op die bykans 320 delwers<sup>87)</sup> gemaak het ten spyte van die gebrek aan of totale afwesigheid van konstabels.

Blykens die afsendadres van hulle korrespondensie, het die Goud-Kommissaris tesame met die Polisie-Kommissaris kort na die besoek van Burgers vanaf Lydenburg, waar hulle tot dusver gevestig was, na Mc Mc verhuis. Vroeg in September is 'n besoek aan die ander groot mynkamp, Pelgrims Rust, gebring waar lisensiegelde opgeneem is en die polisie-kommissaris 'n polisie-takkantoor gestig het<sup>88)</sup> tot die misnoë van die plaaslike delwers wat die polisie as oorbodig beskou het.<sup>89)</sup>

Die amp van aparte Polisie-Kommissaris verdwyn.

McDonald en Dietrich het uit die staanspoor nie goed klaargekom nie en die botsing tussen die twee, wat teen die middel van September openlik geword het, was tot 'n mate die gevolg van naywer oor senioriteit wat by albei aanwesig was, asook die onduidelik instruksies en beperkings/.....

---

84) Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers, (Pretoria, 1933, bl. 121).

85) Later Goud-Kommissaris. Sien hieronder bl. 86.

86) R.1580/73: ongedateerd.

87) R.1251/73: Dietrich aan Staatspresident, dd. 8 Augustus 1873.

88) Baines: a.w., bl. 134.

89) R.66/75: C.K. White aan Staatspresident dd. Pelgrimsrust, 9 Januarie 1875.

kings wat aan die poste verbonde was. Dietrich het nie reg geweet of hy sy instruksies van die Landdros van Lydenburg,<sup>90)</sup> die goud-kommissaris of direk van die Staatspresident<sup>91)</sup> moes ontvang nie. Hierdie saak het hy self opgelos deur in die polisie-instruksies wat hy teen die einde van Oktober gereed gehad het<sup>92)</sup> te bepaal dat die polisie-kommissaris onder direkte bevel van die goud-kommissaris sou staan.<sup>93)</sup> Hierdeur is die moeilikheid tussen hom en McDonald nie opgelos nie want die instruksies het nagelaat om te bepaal wat die pligte van die polisie-kommissaris en die mate van vryheid waarmee hy kon handel, was, sodat daar onsekerheid bestaan het oor wat hierdie bepaling in die instruksies juis ingehou het. Of daar enige persoonlike vyandskap tussen Dietrich en McDonald was, is moeilik om vas te stel.

In 'n brief van 22 September kla Dietrich by die Staatspresident dat die Goud-Kommissaris al drie die sersante self gebruik, twee te Mc Mc en een te Pelgrimsrust om 'n mielieland te bewaak, as gevolg waarvan

„De Politie corps te min is, die paarden kunnen het niet houden en constabels heeft ik niet.“<sup>94)</sup>

Die gevolg was dat Dietrich self lisensiegelde moes invorder terwyl McDonald nie sy, of die sersante, se salaris wou uitbetaal nie. Gevolglik moes hy self £40 leen vir salaris vir die sersante om te verhoed dat hulle bedank en reeds het 'n vierde sersant teen hierdie tyd nodig geword om by New Rush, waar die bevolking vinnig toegeneem

het/....

---

90) L.3: Dietrich aan Landdros van Lydenburg, dd. 28 Julie 1873.

91) R.1531/73: Dietrich aan Staatssekretaris, dd. 22 September 1873.

92) R.1580/73: ongedateerde instruksies. Die dokument maak 'n deel uit van Burgers se verslag oor sy besoek aan die goudvelde.

93) Sien hieronder bl. 83.

94) R.1531/73: Dietrich aan Staatspresident, dd. Mc Mc, 22 September 1873.

het, diens te doen<sup>95)</sup> Verder meld Dietrich dat hy reeds twee keer by Lydenburg hulp aangevra het en self elke dag „dienst te paard“ moes verrig. Die brief word afgesluit met die klag dat

„Alles, alles gaat op de arme Politie.“

McDonald het blykbaar van Dietrich se brief te hore gekom want 'n week later rig hy ook 'n brief aan Burgers,<sup>96)</sup> waarin hy puntsgewyse die tekortkomings van die Polisie-Kommissaris uiteensit.

Hy meld dat die delwers as 'n liggaam gekant is teen die bewerking van kleims deur die polisie omdat hulle nooit op „kantoor“ is nie maar gedurig op soek is na nuwe „rushes“. Met betrekking tot Dietrich kla hy dat

„in five times out of six when his (d.i. Dietrich s'n) services are required, he is not to be found and in consequence I have to perform his duties in addition to my own.“

Hierbenewens sou Dietrich oneerbiedig wees teenoor McDonald en hom heeltemal afsydig gedra.

Indien daar slegs drie blanke polisie was, soos Dietrich beweer, en hulle tussen Mc Mc en Pelgrimsrust verdeel was, moes verwag kon word dat die polisie diens doeltreffend sou wees en dat die polisie of Polisie-Kommissaris nie altyd te vinde sou wees nie, veral laasgenoemde, wat sy aandag ook aan toestande op Pelgrims Rust moes gee. Eweneens moes Dietrich kon verwag om onder sulke omstandighede self patrolliediens te verrig. Die ware toedrag van sake was dat daar te min polisie was om doeltreffend op te tree, 'n feit wat McDonald nie ingesien het nie. Onder sulke omstandighede sou dit onbillik van McDonald wees/.....

---

95) R.1611/73: McDonald aan Staatspresident, dd. 6 Oktober 1873.

96) R.1555/73: Ibid., 30 September 1873.

wees om 'n sersant spesiaal af te sonder om 'n boer se mielies teen die delwers te beskerm. Wat die aanhou van kleims deur die polisie betref, skryf Dietrich op 6 Oktober aan die Staatspresident dat indien hy nie 'n kleim mag besit en deur naturelle laat bewerk nie, hy óf 'n verhoging van salaris sou moes ontvang óf sy pos moes bedank aangesien die lewe op die goudvelde te duur was en dit tyd geword het dat hy 'n tweede perd aanskaf.<sup>97)</sup>

Hierdie tipe van briewe het die ondertekenaars nie tot eer gestrek nie. Insteede daarvan dat hulle duidelike instruksies aanvra, het hulle op onlofwaardige wyse mekaar by die Uitvoerende Raad probeer onderkruip. Veral McDonald het 'n verkeerde toedrag van sake geskets.

Nadat hy van Dietrich se voorneme om te bedank gehoor het, het hy, ook op 6 Oktober, weereens van sy kant 'n brief aan Burgers gerig waarin hy verklaar het dat die delwers nie ten gunste was van die bewerking van kleims deur naturelle nie. McDonald, wat blykbaar die ontslag van Dietrich in gedagte gehad het, het op kleinlike wyse verhaal hoedat Dietrich opgedra is om 'n arrestasie uit te voer maar ten spyte van die steun van twee sersante, lafhartig was en die lasbrief nie uitgevoer het nie, en die taak aan 'n groep delwers opgedra moes word,

„having no organised Police Force.“<sup>98)</sup>

Ten slotte vra hy dat die Regering hom persoonlik moes toelaat om polisie aan te stel en werp dan die finale bedediging teen Dietrich deur te sê dat so 'n reëling

„would give me an opportunity of selecting a serviceable class of men.“

In/.....

---

97) P.1609/73: Dietrich aan Staatspresident, dd. Mc Mc, 6 Oktober 1873.

98) B.1652/73: McDonald aan Staatspresident, dd. Mc Mc, 6 Oktober 1873.



In die vorige brief reeds het hy beweer dat een sersant, twee blanke polisie en een naturellekonstabel onder sy persoonlike toesig heeltemal voldoende sou wees vir die handhawing van wet en orde op al die delwerye. Ook wys hy daarop dat so 'n reëling die Regering geld sou bespaar - 'n diplomatieuse set, want McDonald het goed geweet dat die Regering wou bespaar. Of hy werklik gedink het dat so 'n klein mag voldoende sou wees vir 'n uitgestrekte gebied, waar daar aan die begin van November reeds 500 delwers was<sup>99)</sup> en die getal steeds toegeneem het, is nie vas te stel nie. Dit moet egter tot McDonald se eer gesê word dat dit met die orde beter gegaan het nadat hy die pligte van Dietrich op hom geneem het.

Die laaste twee briewe van die Goud-Kommissaris en Polisie-Kommissaris, wat hierdie onaangename episode afgesluit het, kon maar netsowel ongeskrewe gebly het want reeds op 3 Oktober het die Uitvoerende Raad, moontlik aangespoor deur die eerste tekens van die botsing tussen die twee senior amptenare op die delwerye, besluit dat dit tyd geword het om die afsonderlike pos van polisie-kommissaris af te skaf<sup>100)</sup> waarmee Dietrich se ampstermyn van 47 dae geëindig het.

Hierdie amp was alleenlik bedoel om Jansen te help met die ordereëling onder 'n groep delwers wat feitlik oornag verskyn het en vir wie daar nie 'n behoorlike administrasie gereed gestaan het nie. Daardie administrasie was egter nou daar. Die doel waarmee die pos ingestel is, is ook nie deur Dietrich verwesentlik nie en hy het nie verder as die beginstadium van die organisasie van 'n polisie-diens/....

---

99) Wynne: a.w., bl. 17.

100) BB.1480/73, Staatsekretaris aan McDonald, dd. Pretoria, 3 Oktober 1873.

polisiediens gekom nie. Dat sy saak beter sou gevaar het indien hy konstabels kon bekom, ly geen twyfel nie.

Die twee poste sou in die vervolg gekombineer wees en deur McDonald waargeneem word. Van Dietrich se salaris van £200 sou £50 by die van McDonald gevoeg word terwyl die orige £150 gebruik kon word vir die uitbreiding van die polisiemag.<sup>161)</sup> McDonald se aanbeveling om die mag te verklein is dus wyslik nie deur die Regering aangeneem nie. Ook was die Regering nie begerig om met die saak te bespaar nie.

Die nuwe reëling was beslis 'n verbetering op die oue en McDonald se kennis van die delwers tesame met sy sterk persoonlikheid, het sake gou laat vlot. Die hoofskap oor die polisie het aan hom baie tevredenheid verskaf en hy het dadelik 'n begin gemaak met die opruiming van ongewenste persone. Een van McDonald se eerste take as hoof van Polisie was om ene Hugh Cartwright geboeid na Pretoria te stuur

„als een voorbeeld van de goede orde op de goudvelden.<sup>102)</sup>

Hy het veral beywer om vrouens van slegte karakter te verjaag<sup>103)</sup> Ook het die eerste teregstelling op die goudvelde in hierdie tyd plaasgevind toe 'n moordenaar by New Rush gehang is.<sup>104)</sup> Dit was voortekens van 'n nuwe hardhandige polisie-optrede wat op die goudvelde onder McDonald voorgelê het en voor die einde van die maand kon die Goud-Kommissaris hoog in sy skik aan die President laat weet dat

„Everything/.....

---

101) Ibid.

102) Die Volkstem, 24 Oktober 1873, Dit klink beslis paradoksaal om 'n misdadiger voor te hou as 'n voorbeeld van goeie orde.

103) R.673/76: Scobele aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 27 Maart 1876.

104) Ibid., 31 Oktober 1873.

"Everything is quiet since I sent the man Cartwright away and made an example of another well known thief - several of the rowdie people saw at once that we had a Govt. that is both able to protect it's subjects or prevent crime."<sup>105)</sup>

Oor hierdie toedrag van sake was die Regering baie tevrede.<sup>106)</sup>

'n Besliste optrede van McDonald was sekerlik nodig want volgens 'n kontemporêre skatting was daar aan die begin van 1874 500 delwers, 200 mans anders werksaam en 680 naturellearbeiders op die delwerie.<sup>107)</sup>

Staatsprokureur Buchanan het na 'n besoek aan die delwerie aan die begin van 1874<sup>108)</sup> aan die Uitvoerende Raad geskryf dat

"De Goud Commissaris beskouwd ik als een zeer bekwaam bestuurder van politie en houder van orde onder de delwers."<sup>109)</sup>

Hy wys egter daarop dat die goud-kommissaris nie 'n regsgeleerde was nie en gevolglik nie die regspleging alleen kon waarneem nie. Gevolglik is H.W.S. Cooper as spesiale resident magistraat op die goudvelde aangestel terwyl hy ook Landdros van Lydenburg was<sup>110)</sup> in opvolging van Jansen. Ook vrederegters is sedert September 1873 op die goudvelde aangestel<sup>111)</sup> om die gereg te ondersteun. Die handhawing van wet en orde het dan ook inderdaad verskerp en nog in 1874 vra McDonald toestemming tot die bou van 'n tronk om die "dregs" wat van die diamantvelde aangekom het te huisves.<sup>112)</sup>

So/....

- 
- 105) R.1747/73: McDonald aan Staatspresident, dd. McMc, 27 Oktober 1873.  
106) BB.1853/73, Staatsekretaris aan McDonald, dd. Pretoria, 31 Oktober 1873.  
107) Atcherley, R.J.: A trip to Boerland, Londen, 1879, bl.98.  
108) Sien hierbo, bl.61.  
109) S.P.470: Staatsprokureur aan Staatsekretaris, dd. Pretoria, 11 Mei 1874.  
110) Staatscourant, 19 Augustus 1874.  
111) Ibid., 17 September 1873.  
112) Wynne: a.w., bl. 37. Ook Burgers papiere band 3. McDonald aan Staatspresident, dd. 30 November 1873.

So het die orde op die goudvelde stadigaan 'n normale gang begin gaan, die verloop waarvan versteur is deur die bedanking van McDonald in September 1875 as gevolg van agterdog wat daar van Regeringsweë ten opsigte van sy geldelike administrasie ontstaan het.<sup>113)</sup>

Die karakter van die polisie diens onder McDonald.

Die twee stelling instruksies<sup>114)</sup> wat deur Dietrich aan president Burgers, tydens laasgenoemde se besoek aan die delwerye in Augustus 1873, oorhandig is<sup>115)</sup> werp min lig op die pligte van die polisie, maar gee 'n goeie insig in die organisasie van die diens. Daar was drie sersante en daar is voorsiening gemaak vir twaalf konstabels. Hiervan moes een sersant en vier konstabels altyd op diens wees sodat ons kan aanneem dat die bedoeling was dat elke vier konstabels onder die bevel van 'n bepaalde sersant geplaas sou wees. Elke groep sou dan 'n diensbeurt van agt uur per dag hê.<sup>116)</sup> Die sersant op diens moes ten alle tye by die aanklagkantoor wees. Hy moes nota hou van al die opdragte wat hy van die kommissaris van polisie ontvang en dit stiptelik uitvoer. Woensdae en Saterdag moes die sersante aan die kommissaris verslag oor hulle doen en late lewer. Elke polisieamptenaar moes self voorsiening maak vir/....

- 
- 113) Volksraadsitting, 3 Mei 1875. Aanspraak van waarnemende president Joubert. (Byvoegsel tot die Staatscourant, 12 Mei 1875).
- 114) By gebrek aan ander polisie-instruksies wat aan Dietrich 'n leidraad kon bied het hy hom blykbaar tot die veldkornetsinstruksies van 1858 en ordonnansie no.5 van 1864 gewend vir leiding. Art. 2 en 3 van die "Regulaties voor de Commissaris van Politie" stem baie ooreen met art. 37 en 38 van laasgenoemde. Sien bylaag 2.
- 115) R.1580/73: ongedateerd (sien hierbo bl. 74).
- 114) Die instruksies is opgestel met die bedoeling dat al die polisie op een plek sou diens doen, naamlik waar die Goud-Kommissaris se hoofkwartiere was. Die praktyk het egter geleer dat so 'n reëling nie prakties was nie en 'n afdeling polisie, of altans 'n sersant moes op al die vernaamste delwerskampe gestasioneer word. Sien hierbo bl. 75.

vir sy perd, saal en toom en as hoofkonstabel moes elke sersant toesien dat die konstabels onder sy bevel hulle uniforms (sic) behoorlik dra.

Die polisie-kommissaris moes (terwyl dit nog 'n afsonderlike pos was) elke oggend, sodra die goud-kommissaris op kantoor kom, aan hom verslag lewer oor die polisie-bedrywighede van die vorige dag. Verder moes hy toesien dat sy ondergeskiktes hulle salarisse en toelaes ontvang.<sup>117)</sup>

Die enigste bepalings vir die handhawing van wet en orde in die instruksies vervat, bepaal slegs dat die polisie moes sorg vir die goeie rus en orde en toesien dat die delwers lisensies besit. Verder was hulle gemagtig om enige persoon op agterdog te arresteer. Behalwe vir 'n proklamasie wat die polisie gemagtig het om dobbelary op die delwerye teen te gaan,<sup>118)</sup> was hierdie die enigste geskrewe regulasies vir polisie en wat onder die handhawing van wet en orde verstaan moes word, kon die polisie of polisie-kommissaris blykbaar self besluit. Polisie sake is ook deur die polisie-kommissaris self verhoor.<sup>119)</sup> Die pligte van die polisie op die goudvelde het verder nie wesentlik van die van polisie elders verskil nie. Dronkenskap en massa-opstootjies was die grootste probleem en betogings teen die Regering gedurende die laaste jare van die eerste periode van die Republiek, was die enigste omstandigheid wat 'n sterk polisiemag vereis het.<sup>120)</sup> 'n Verdere verskil tussen die polisie diens op die delwerye en die op die

dorpe/....

---

117) Sien hierbo bl. 76.

118) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 196 15 November 1873.

119) R.1555/73: McDonald aan Staatspresident, dd. Mc Mc, 30 September 1873. McDonald beweer dat hy sake moes verhoor wat normaalweg onder Dietrich as „Police Magistrate" moes gedien het.

120) R.2869/75: Goudkommissaris Scoble aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 18 Desember 1875.



dorpe, was dat die polisie op die goudvelde met 'n meer kosmopolitiese bevolking te doen gehad het en 'n meer uitgestrekte area moes dek as wat die geval op die dorpe was. Die sersante was inderdaad dan ook die eerste berede polisie in die Suid-Afrikaanse Republiek.

Die polisie op die delwerye was ook speurders wat veral tydens die Sekoekoeni-moeilikhede die geweer-smokkelary, wat onrusbarend toegeneem het en soms deur delwers gevoer is, die hoof moes bied, waardeur die pligte van die polisie buite die grense van die delwerye self gevoer is. Veral Barter wat hom as „Inspector of police" aan Shepstone sou voordoën,<sup>121)</sup> het 'n verkenningstog na Sekoekoeni onderneem, waar hy en sy metgeselle, McKenzie en Ryan, waardevolle inligting verkry het maar die dubbele rol van verkenners en geweer-smokkelaars vertolk het.<sup>122)</sup>

Voor die Sekoekoeni-moeilikhede ontstaan het, het die polisie op die goudvelde reeds speurdiens verrig blykens 'n brief van Dietrich aan Jansen waarvolgens eersgenoemde reeds in 1873 „getrouwe rapporteurs" gesoek het omdat op die goudvelde „mehr voorgaat, als ick op papier schryven kan."<sup>123)</sup>

Oor die gehalte van die polisiedienaars op die delwerye is baie teenstrydighede in amptelike korrespondensie te vinde. Jansen het die sersant wat hy aangestel het, as baie bruikbaar bestempel,<sup>124)</sup> terwyl Dietrich hom as 'n ordelose karakter ontslaan het.<sup>125)</sup> Die sersante wat hy op

sy/....

---

121) R.1617/77: Brief van Baxter aan Shepstone, dd. 19 April 1877.

122) Peacock: a.w., bl. 100 en Otto, J.C.: Die Sekoekoeni-oorlog tydens die Regering van President Burgers. (M.A. verhandeling, ongepubliseerd Univ. van S.A., 1934, bl.51).

123) L.3: Dietrich aan Landdros van Lydenburg, dd. 13 Augustus 1873.

124) Sien hierbo bl.69.

125) Sien hierbo bl.73.

sy beurt aangestel het, het die polisie-kommissaris as „extra goede, gehoorzame en nuchtere menschen” bestempel, terwyl die goud-kommissaris nie nagelaat het om oor die bekwaamheid van hierdie beskermhers van die gereg 'n siniese aanmerking te maak nie.<sup>126)</sup> Oor die algemeen kan gesê word dat dié tipe polisdienaar op die goudvelde nie van die polisie elders verskil het nie. In een opsig was die diens op die delwerye beter daaraantoe as wat elders die geval was. Die polisie was naamlik beter georganiseerd, soos uit die instruksies blyk, en het onder 'n strengere toesig gestaan - 'n uiters noodsaaklike faktor in 'n omgewing waar daar min sosiale dissipline was en 'n ongedissiplineerde amptenaar maklik in die algemene roes kon verval.

'n Gereelde klag was die toestand waarin die tronk verkeer het.<sup>127)</sup> Die een wat in 1874 op aanvraag van McDonald gebou is<sup>128)</sup> was maar treurig en in 1876 vra die Goud-Kommissaris van die Uitvoerende Raad verlot om die hof tent, wat deur 'n storm verwoes was, as dak vir die tronk te mag gebruik.<sup>129)</sup>

Die eiesoortige karakter van die polisdieners op die goudvelde en die besondere gees waarin die gereg toegepas is in 'n gemeenskap wat homself onafhanklik van die buitewêreld beskou het, is besperubaar in dié woorde van Baines

„A police force was established and a gaol provided, but it would seem that prolonged incarceration was rather optional than compulsory, and that in some cases the constables were more ready to „thank heaven they were rid of a rogue”

than/....

---

126) Sien hierbo bl.79

127) Baines: a.w., bl. 147.

128) Sien hierbo bl.81

129) R.1789/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 3 Julie 1876.

than to effect a recapture. A case of shoplifting was punished with a weeks imprisonment, confinement in the stocks and banishment. Popular feeling seemed decidedly in favour of summary ejection from the fields rather than long imprisonment.

There is a story, though I do not vouch for it - of a prisoner whose rations were not forthcoming at the proper time, persuading his jailor to let him go and dine at the Hotel, and of the sturdy janitor refusing to admit him again to the prison he had depreciated and deserted. "If this gaol is not good enough for you, go and find a better"<sup>130)</sup> It was also remarked that if treadmills or other appliances for hard labour were wanting the prisoners were not always unemployed or were seen in fetters carrying about for sale, fowles belonging to the constables."<sup>131)</sup>

#### Die voorkoms van die polisie diens verander.

Die nuwe kommissaris, dr. John Scobel, wat sy dienste op 6 November aanvaar het,<sup>132)</sup> was 'n welmenende en pligsgetroue dienaar van die Republiek<sup>133)</sup> maar het nie oor die duidelike insig in sake van McDonald beskik nie. Onder sy hoofskap, wat tot na die anneksasie geduur het,<sup>134)</sup> het die polisie wese ook 'n nuwe voorkoms aangeneem en heeltemal die doeltreffendheid wat dit onder McDonald getoon het, verloor. Gepaard hiermee het ook die organisasie wat deur Dietrich voorgeskryf is, plek gemaak vir 'n losse en hoogs onbevredigende beheer wat van buite eg gelyk, maar van binne aan korrupsie gegrens het. Die hele karakter van die diens het met die algemene ontaarding van die delwerse saamgeval, 'n toestand wat veral tydens die Se-koekoeni-oorlog die Regering in 'n slegte lig by die Engelse bewindhebbers sou stel. Na gelang die delwersbevolking sy aanvanklike karakter van lewendige fortuinsoekers vir

die/....

---

130) Aan die ander kant het dit soms gebeur dat delwers die loslating van 'n gevangene geëis en dit verkry het. (Costello, T.: 1874, Londen, 1876, bl. 56).

131) Baines: a.w., bl. 146-147.

132) Staatscourant, 19 Augustus 1874.

133) Peacock: a.w., bl. 39.

134) In naam het hy goud-kommissaris gebly, maar na sy aanvaarding van die landdrosskap van Lydenburg het die taak van goud-kommissaris op ene Gunn geval.

die van gemene agitators teen die gesag van die Regering. verruil het, het ook die polisie diens sy agbare karakter prysgegee vir 'n mantel van ywer wat gebruik is om korrupsie en verraad te bedek.

Nog 'n kenmerk van die Scoble-tydperk was die verdere verswakking van die polisiemag wat getalsterkte betref, 'n toestand wat reeds tydens die laaste maande van die dienstyd van die vorige Kommissaris merkbaar geword het toe dit nodig was om spesiale konstabels teen

„exorbitant charges, viz. £3 per diem.“<sup>135)</sup>

aan te stel. Die magteloosheid waarin die polisie verval het is duidelik aan Scoble gedemonstreer binne 'n maand na sy aanstelling toe hy die eerste van 'n reeks ernstige opstootjies, wat met die politieke toestande op die delwerye in verband gestaan het, moes beleef. Daar het 'n tronkbraak plaasgevind waaraan 'n massa van die delwers 'n aandeel gehad het. By gebrek aan genoegsame polisie moes Scoble die ernstige toestand sy gang laat gaan en kon hy alleenlik terneergedruk by die Uitvoerende Raad die instelling van

„a reliable force in case of sudden emergency.“<sup>136)</sup> bepleit.

Die oprigting van 'n betroubare mag op die delwerye in hierdie tyd is egter kwalik denkbaar daar die Goud-Kommissaris alle polisiesake aan ene Barter oorgelaat het en 'n ongelukkiger keuse van persoon om die handhawing van die regsgesag aan toe te vertrou, kon moeilik gedoen word. Barter, wat die polisiewese in Pelgrims Rust en omtrek gedurende die laaste agtien maande voor die anneksasie oorheers/.....

---

135) R.2812/75: C. von Brandis aan McDonald, ware kopie, dd. 7 Augustus 1874.

136) R.2869/75: Scoble aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 18 Desember 1875.



oorheers het, se verskyning op die toneel het saamgeval met McDonald se aftrede. Hy het sy aanstelling as amptenaar te danke gehad aan die klagte dat daar persone was wat gedelf het sonder om in besit van 'n delwerslisensie te wees. McDonald is opgedra om op die saak in te gaan en 'n inspekteur aan te stel.<sup>137)</sup> Sy bedanking het hom egter verhoed om die opdrag uit te voer maar die waarnemende kommissaris Cooper het die saak afgehandel deur Barter, op aanbeveling van een van die vooraanstaande delwers, Simpson, as algemene inspekteur van lisensies aan te stel.<sup>138)</sup>

Vanaf hierdie aanstelling is Barter, sonder enige amptelike kennisgewing, tot balju<sup>139)</sup> en vandaar tot „inspector of police“<sup>140)</sup> bevorder. Laasgenoemde pos is deur Scoble aan hom toegesê<sup>141)</sup> en blykbaar stilswygend deur die Regering goedgekeur. Met die verskyning van Barter op die toneel verdwyn die ou instelling van sersante. Barter het skynbaar sy verhoogde status aangeneem in 'n tydperk to geen blanke polisie in diens was nie en in die toekoms sou alle aanstellings aan hom ondergeskik wees.

Die nuwe polisie-hoof, 'n oud-soldaat en ervare delwer,<sup>142)</sup> was 'n voorbeeld van die laere kaliber anti-Republiekeinsgesinde delwer wat nie openlik sy teenkanting uitgespreek het nie - hoe kon hy teen 'n Regering wat hom tot /....

- 
- 137) BB.1318/75: Staatsekretaris aan McDonald, dd. 26 Augustus 1875.  
138) R.2203/75: Cooper aan Staatsekretaris, dd. 8 Oktober 1875.  
139) BB.1805/75: Staatsekretaris aan Cooper, dd. 20 Oktober 1875: „The Govt. is not aware that mr. Barter has been proposed as Sheriff.“  
140) R.743/76: Barter aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust, 3 April 1876. Ook R.1617/77: Barter aan Shepstone, dd. Pelgrims Rust, 19 April 1877.  
141) R.2815/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. 16 Oktober 1876.  
142) R.2358/76: Barter aan Staatspresident, dd. 11 September 1876.

tot sy status verhef het? - maar die dubbelsinnige rol van pligsgetroue amptenaar en gewoensmokkelaar vertolk het.<sup>143)</sup>

Dit was van sy soort wat gesê is

„Helaas wanneer zal onze land en officiële betrekkingen gezuiverdt worden van zulke perzoonen. Onze gansche Landt zucht onder dat alles.<sup>144)</sup>

Scoble het die ongelukkige speelbal geword van hierdie tipe persoon, waarvan ook Ryan<sup>145)</sup> en McKenzie wat met Barter kop in een mus was, as voorbeelde kan dien. Scoble, wat die optrede van hierdie mense as opreg bedoel geag het,<sup>146)</sup> se taak was geensins benydenswaardig nie. Die goudvelde het aan die weste aan Bapedi-gebied gegrens en die handhawing van wet en orde tydens die Sekoekoeni-oorlog het aan Scoble baie hoofbrekens besorg. Die ligging van die delwerpe tesame met die vyandige houding van die delwers teenoor die Regering het van die goudvelde 'n ware broeines van onheil gemaak en dit was bokant die goud-kommissaries se vuurmaak plek om as diplomaat onder die naturelle en delwers op te tree en nog die administrasie van die goudvelde waar te neem, sodat sy onvermoë om tussen vriend en vyand te onderskei verstaan kan word. Dit sou inderdaad 'n beter man as selfs 'n McDonald geneem het om onder hierdie omstandighede die belange van die Staat/....

---

143) Vergelyk Otto: a.w., bl. 112.

144) Lexton aan president Burgers, dd. Utrecht, 23 Januarie 1874.

145) Ryan was een van dié persone wat deur Jansen aan Dietrich voorgehou is as 'n geskikte sersant, maar sy dienste is nie deur die Kommissaris van polisie aangewend nie (R.1580/73, Jansen aan Dietrich, dd Lydenburg, 3 September 1873).

146) Gevolglik is daar min gegewens in amptelike korrespondensie te vinde wat enige agterdog op die bedrywighede van Barter werp en die belangrikste, en trouens enigste, bron wat lig op die ondergrondse aktiwiteite van Barter en kie. werp behalwe die byna tasbare huigelary in die „inspector" se amptelike korrespondensie, is die openbarings wat deur Herschensohn, 'n inwoner van Pelgrims Rust, aan Cooper gemaak is oor die ware karakter van Barter. Sy getuienis is ook deur Otto en Peacock aanvaar.

Staat suksesvol te verteenwoordig, veral wanneer hy soos Scoble, slegs sewe amptenare tot sy beskikking gehad het<sup>147)</sup> en die grootste meerderheid van vyfhonderd delwers sy gesag bedreig het. Reken nog hierby dat die amptenaar wat naas Scoble die meeste gesag uitgeoefen het, Barter was.

Die diplomatieke neerlaag wat die Regering op die goudvelde gely het, het van hierdie heksekettel, waar openlike vyandigheid skaars kon opweeg teen bedekte ver- raad, die ideale afsetgebied vir onwettige geweerhande- laars gemaak, sodat gekla is dat

"van de goudvelden de geweer handel in het open- baar wordt gedaan."<sup>148)</sup>

Om die bekamping van so 'n toestand aan Barter oor te laat was om olie op die vuur te gooi. Su verslae het egter die indruk geskep dat alles in orde was.<sup>149)</sup>

Ook het hy nie nagelaat om oor sy salaris te kla nie. As inspekteur en balju het hy geen vaste salaris ont- vang nie maar alleenlik 'n gedeelte van opgelegde boetes.<sup>150)</sup> Dit, tesame met die £15 wat hy elke maand as "inspector of police" ontvang het,<sup>151)</sup> was nie genoeg om 'n perd te kon koop nie, daar hy soms uit sy eie sak vir 'n "deputy" moes betaal.<sup>152)</sup> Dit is ironies dat Scoble, wie se posisie deur

Barter /....

- 
- 147) R.2815/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. 16 Oktober 1876.  
148) R.1125/74: Veldkornet Dekker aan Landdros van Lydenburg, dd. Lydenburg, 10 Augustus 1874.  
149) R.744/76: Barter aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust, 3 April 1876. Ook R.2359/76: Barter, Sheriff, Inspector of police aan Staatsekretaris, dd. 11 September 1876. Ook R.2055/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. 7 Augustus 1875.  
150) R.2225/75: Barter aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 8 Oktober 1875.  
151) R.743/76, Barter aan Staatsekretaris, dd. 3 April 1876. Ook R.2815/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. 16 Okto- ber 1876.  
152) R.743/76: ibid.



Barter onderkruip is, laasgenoemde se goeie hoedanighede in 'n brief aan die Staatspresident loof ter steuning van sy aansoek om 'n verhoogde salaris.<sup>153)</sup> Hy wys daarop dat Barter uit sy eie sak moes betaal vir hulp in die uitvoering van sy polisie-pligte en vra £50 as vergoeding vir onkoste wat Barter in diens van die staat aangeaan het!

'n Cedeelte van die onkoste wat Scoble aangeaan het "in diens van die staat" was om, in geselskap van Ryan en McKenzie 'n verkenningsveldtog na Sekoekoeni-land te onderneem.<sup>154)</sup> Hier het hulle skynbaar belangrike inligting bekom<sup>155)</sup> en Barter het "spioene" agtergelaat, as handelaars vermom.<sup>156)</sup> McKenzie was skynbaar een van hierdie "spioene"<sup>157)</sup> wat huis en haard opgeoffer het in diens van die Republiek. Herschensohn, wat homself as "spy, detective or informer" aan Cooper voorgedoen het,<sup>158)</sup> was met die ware toedrag van sake bekend maar kon geen indruk op Scoble maak nie.<sup>159)</sup>

Daar was, behalwe Barter, ook ander polisie op die goudvelde werksaam, maar die aanvraag kon nog steeds nie bevredig word nie en die administrasie moes ly onder die algemene tekort aan amptenare en in Oktober 1876 kla Scoble dat daar op die goudvelde slegs sewe amptenare was wat die beheer oor vyfhonderd delwers moes waarneem.<sup>160)</sup> Hieronder was drie polisieamptenare en 'n sipier. Wanneer die getal delwers in aanmerking geneem word, was die

£108.10.0./.....

- 
- 153) R.2627/76: Scoble aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust, 2 Oktober 1876.  
154) Otto: a.w., bl. 112.  
155) Ibid.  
156) R.744/76: Barter aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust, 3 April 1876.  
157) R.810/76: Herschensohn aan Cooper, dd. 10 April 1876.  
158) Ibid.  
159) R.810/76C: Herschensohn aan Cooper, dd. 3 April 1876.  
160) R.2815/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 16 Oktober 1876.



£108.10.0. wat maandeliks aan salarisse aldaar uitbetaal is, die laagste vir enige distrik in die Republiek.<sup>161)</sup> Vroeër in dieselfde jaar is melding gemaak van 'n natuurle konstabel<sup>162)</sup> terwyl die Sekoekoeni-moeilikhede die aanstelling van 'n nagwag om die regeringskantore te bewaak genoodsaak het.<sup>163)</sup> Scoble het ook die buite liggende delwerye aangeraai om vir hulleself 'n nagwag te organiseer aangesien al die kampe nie met polisie vanaf Pelgrims Rust voorsien kon word nie.<sup>164)</sup> Verder het hy aan die Regering die voorstel gemaak dat vrienenskaplik-gesinde natuurle wat gesteelde vee terugbesorg of misdadigers uitlewer beloon behoort te word.<sup>165)</sup> As voorbehoedmaatreël teen 'n Bapedi-aanval, is eenhonderd gewere deur die Goud-Kommissaris aangekoop vir die gebruik van polisie en spesiale polisie.<sup>166)</sup>

Om die interne rus en orde te bewaar het Scoble vir Phelan, die redakteur van die „Goldfields Mercury“, wat die spreekbuis van die rewolusionêr gesindes was,<sup>167)</sup> laat arresteer op aanklag van laster teen hom en die Regering. 'n Groep delwers het die vrylating van die gevangene geëis en toe Scoble dit weier is die tronk oopgebreek en Phelan in triomf weggedra. Hierteen kon Scoble niks vermag nie aangesien hy op daardie oomblik slegs een konstabel tot sy beskikking gehad het. Die gevolg was dat

hy/....

---

161) Ibid.

162) R.925/76: Herschensohn aan Copper, dd. Pelgrims Rust, 23 April 1876.

163) R.1298/77: Scoble aan Staatsekretaris, dd. 12 April 1877.

164) R.1788/76: Scoble aan M. Duncan, dd. Pelgrims Rust, 21 Junie 1876.

165) R.1791/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. Pelgrims Rust, 4 Julie 1876.

166) R.2242/76: Scoble aan Staatsekretaris, dd. 28 Augustus 1876.

167) „If the President was authoritative, the 'Gold Fields Mercury' called him an emperor; if he was too easy, the paper screamed for strong government“, (Aylward, a.w., bl. 130).

hy die geykte klagte moes laat hoor van

"I have no means here adequate to enforce obedience to the law and to protect the servants of the government from violence in the execution of their duties and unless I can count on your support I cannot suppress further sedition and be answerable for the peace of the camp."<sup>168)</sup>

Die "Defence Committee" wat in hierdie tyd opgerig is om die delwerige teen Sekoekoeni te beskerm, het skynbaar ook bygedra tot die handhawing van die intrensus op die goudvelde.<sup>169)</sup> As dit die geval was het toestand inderdaad 'n ander kleur aangeneem sedert die selfversekerde optrede van McDonald. Die Regering was magteloos om die saak te beredder daar die vyandelikhede teen Sekoekoeni voorrang moes geniet. Dit was egter 'n treurige toestand van sake dat Scoble nie eens by magte was om beskerming aan staatseiendom en -amptenare te bied nie en toe daar sprake was van die oprigting van 'n "Vigilance committee" en 'n voorlopige regering<sup>170)</sup>, wat op openlike verset teen die Regering neergekom het, moes Scoble hom tot die Landdros van Lydenburg wend vir hulp. Van hier is 'n afdeling van die Lydenburgse Vrywilligers onder kaptein Aylward gestuur om 'n spoedige einde aan die "mob law" te bring<sup>171)</sup> en Phelan het hom sonder verset aan Aylward oorgegee.<sup>172)</sup> Die hele aangeleentheid het blykbaar meer opskudding in Lydenburg, waar die temperament van die delwers welbekend was, as op die goudvelde veroorsaak.<sup>173)</sup>

Barter /

- 
- 168) R.809/77: Scoble aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust, 23 Februarie 1877.  
169) R.2356/76: Scoble aan Phelan, ware kopie, dd. 19 September 1876.  
170) R.809/77: Scoble aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust, 23 Februarie 1877.  
171) R.983/77: Scoble aan Staatspresident, ware kopie, dd. 23 Februarie 1877.  
172) R.875/77: Aylward aan Staatspresident, dd. Pelgrims Rust 27 Februarie 1877.  
173) R.875/77: C. von Brandis aan Aylward, dd. Lydenburg, 24 Februarie 1877.

Barter het van die aanwesigheid van Aylward met sy tweehonderd vrywilligers probeer gebruik maak om sewentien onafgedane lasbriewe uitgevoer te kry, maar Aylward het elders werk gehad om te verrig maar belowe om kaptein Riedel van die Artillerie na die goudvelde te stuur om toesig oor die orde te hou, maar nooit so ver gekom nie.<sup>174)</sup>

Gelukkig het sake hier nie weer tot 'n openlike uitbarsting voor die anneksasie gekom nie.<sup>175)</sup>

---

174) B.876/77: Aylward aan Staatspresident, dd. Lydenburg, 3 Maart 1877.

175) Aylward, a.w., bl. 131.